(ii) In die geval van 'n voornemende vakleerling wat opleiding ondergaan het in werkwinkelpraktyk wat betrekking het op die bedryf waarin hy ingeboek gaan word, moet die leertydperk, benewens 'n vermindering van die tydperk toegestaan ingevolge (i) hierbo, met een maand verminder word ten opsigte van elke 120 uur, tot hoogstens 12 maande.

3. Loonskale.

Lone teen onderstaande skale moet weekliks aan vakleerlinge gedurende hul leertydperk betaal word:—

	Per week. £ s. d.
Eerste jaar	1 16 0
Tweede jaar	2 5 0
Derde jaar	3 5 0
Vierde jaar	4 5 0
Vyfde jaar	5 12 0

4. Onderwysklasse wat bygewoon moet word.

Behalwe in gevalle waar die Minister vrystelling verleen, moet vakleerlinge waar daar geriewe bestaan, in die bedryf waarin hulle ingeboek is, tegniese klasse vir vakleerlinge bywoon wat deur 'n goedgekeurde tegniese kollege aangebied word en wat lei tot die Preliminêre Tegniese Sertifikaat en die Nasionale Tegniese Sertifikaat, uitgereik deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, of tot 'n sertifikaat of sertifikate wat in die plek daarvan ingestel word. Die klasse moet vir minstens ses uur per week bygewoon word—helfte daarvan gedurende werkure—vir die volle leertydperk of totdat die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, behaal word, maar vir minstens twee jaar.

5. Betaling vir klas- of kursusgeld en eksamengeld.

Elke vakleerling van wie daar vereis word om voorgeskrewe klasse by te woon of kursusse te volg of voorgeskrewe eksamens te doen, moet die gelde daarvoor aan die betrokke inrigting betaal; met dien verstande dat—

(*a*) in die geval van klas- of kursusgeld, die werkgewer sodanige geld vir elke kalenderjaar vooruit aan die betrokke inrigting betaal en dan sodanige bedrae van die vakleerling se loon aftrek in paaiement van hoogstens 3s. per week; met dien verstande dat as die vakleerling 'n sertifikaat van die betrokke inrigting voorlê dat hy 'n bevredigende syfer vir vlyt verkry het en minstens 75 persent van die klasse gedurende sowel gewone werkure as in sy eie tyd bygewoon het, of in die geval van 'n korrespondensiekursus- minstens 75 persent van die volle getal vraestelle gedurende die kalenderjaar beantwoord het, die werkgewer die som wat aldus afgetrek is, aan die vakleerling moet terugbetaal;

(*b*) the employer shall advance the fees for the said examination on or before the 6th March and 1st July, in respect of examinations conducted in June and November respectively each year for entries for the examinations which the apprentice is required to undergo and shall recover the amount of the fees advanced in respect of any subject in the said examination in which the apprentice failed to pass by means of deduction from the wages of apprentice; the balance being not recoverable by the employer and being regarded as payment on behalf of the apprentice to discharge his liability to pay the said fees.

6. COURSES OF TRAINING.

Every employer of an apprentice bricklayer (refractory and/or chemical) shall give such apprentice the following practical training:—

General training in the preparation and mixing of mortars and cements. Training in brickwork, in the repair and construction of buildings, chemical plant (such as towers, floors, drains, etc.) and refractory work (such as boilers, roasting kilns, gas producers, flues and steel works plant). Mixing and placing of concrete. Reading of drawings.

Objections to the above proposals should in terms of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, (as amended), be lodged with the Secretary of the Apprenticeship Committees, P.O. Box 4560, Johannesburg, within *thirty* days of the date of this notice.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 1073.] [16 May 1952.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING INDUTRY (TRANSVAAL).

It is hereby notified for general information that, in terms of section *nineteen* (2) of the Industrial Conciliation Act, 1937, an Industrial Council has been registered for the Electrical Contracting Industry in the Transvaal. The parties to this Council are—

The Electrical Contractors' Association (South Africa), and
The South African Electrical Workers' Association.

Attention is invited to section *forty-eight* of the said Act, in terms of which the provisions of any agreement that may be entered into by the parties to the Council may, under certain circumstances, be made binding upon all employers and employees in the industry concerned.

Employers and employees who are not members of the employers' organization or of the trade union mentioned but who are likely to be affected by any agreement that may be negotiated by these bodies, should communicate with the Secretary of the Industrial Council for the Electrical Contracting Industry (Transvaal), P.O. Box 2375, Johannesburg, if further information is desired.

✱ No. 1080.] [16 May 1952.

ELECTRICAL WIREMEN'S REGISTRATION BOARD.

EXAMINATION FOR ELECTRICAL WIREMEN'S CERTIFICATES OF REGISTRATION.

In terms of clause 20 (3) of the regulations framed under section *thirty-three* of the Electrical Wiremen and Contractors Act, No. 20 of 1939, it is hereby notified for the information of candidates who have been accepted for examination, that the following examination for Electrical Wiremen's Certificates of Registration will be held:—

A Part "B" Practical Examination commencing at 9 a.m. on Saturday, 7th June, 1952, will be held at the following centres:—

1. Pretoria Technical College, Pretoria.
2. Johannesburg Technical High and Trade School, Smit Street, Johannesburg.
3. The Natal Technical College, Durban.

(*b*) die werkgewer die gelde vir genoemde eksamen voor of op 6 Maart en 1 Julie moet voorskiet ten opsigte van die eksamens wat onderskeidelik in Junie en November van elke jaar afgeneem word, vir inskrywing vir die eksamens wat die vakleerling moet aflê, en die bedrag wat hy voorgeskiet het ten opsigte van elke vak in genoemde eksamen waarin die vakleerling druip, van die vakleerling se loon aftrek; die saldo kan die werkgewer nie verhaal nie aangesien dit beskou word as 'n betaling ten behoewe van die vakleerling om hom te onthef van die aanspreeklikheid om genoemde gelde te betaal.

6. OPLEIDINGSKURSUSSE.

Elke werkgewer van 'n leerlingmesselaar (vuurvas en/of chemies) moet aan so 'n vakleerling die volgende opleiding verskaf:—

Algemene opleiding in die voorbereiding en meng van dagha en sement. Opleiding in steenwerk, in die herstel en konstruksie van geboue, chemiegeboue (soos torings, vloere, riole, ens.), en vuurvaste werk (soos ketels, gloeioond, gasontwikkelaars, kanale en staalwerkinstallasies). Meng en stort van beton. Lees van tekenings.

Besware teen bogenoemde voorstelle moet ingevolge subartikel (4) van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, (soos gewysig), binne *dertig* dae na die datum van hierdie kennisgewing by die Sekretaris van die Vakleerlingskapkomitees, Posbus 4560, Johannesburg, ingedien word.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 1073.] [16 Mei 1952.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGSNYWERHEID (TRANSVAAL).

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat 'n nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid kragtens artikel *negentien* (2) van die Nywerheidversoeningswet, 1937, in Transvaal geregistreer is. Die partye by genoemde raad is—

Die „Electrical Contractors' Association (South Africa)" en
Die „South African Electrical Workers' Association".

Die aandag word gevestig op artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, ingevolge waarvan die bepalings van enige ooreenkoms aangegaan deur die partye by die Raad, onder sekere omstandighede vir alle werkgewers en werknemers in die betrokke nywerheid bindend verklaar kan word.

Werkgewers en werknemers wat nie lede van gemelde werkgewersorganisasie of vakvereniging is nie, maar waarskynlik deur enige ooreenkoms aangegaan deur gemelde liggame geraak kan word, behoort met die Sekretaris van die Industriële Raad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid (Transvaal), Posbus 2375, Johannesburg, in verbinding te tree indien verdere inligting verlang word.

✱ No. 1080.] [16 Mei 1952.

REGISTRASIERAAD VIR ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS.

EKSAMEN VIR REGISTRASIESERTIFIKATE VAN ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS.

Ingevolge klousule 20 (3) van die regulasies opgestel kragtens artikel *drie-en-dertig* van die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, No. 20 van 1939, word hierby vir inligting van kandidate wat vir die eksamen aangeneem is, bekendgemaak dat ondergemelde eksamen vir registrasiesertifikate van Elektrotegniese Draadwerkers afgeneem sal word:—

'n Praktiese eksamen deel „B" wat om 9 vm. op Saterdag, 7 Junie 1952, begin, vind by ondergenoemde sentrums plaas:—

1. Pretoriase Tegniese Kollege, Pretoria.
2. Johannesburgse Tegniese Hoër- en Ambagskool, Smitstraat, Johannesburg.
3. Natalse Tegniese Kollege, Durban.

4. East London Technical College, East London.
5. The Port Elizabeth Technical College, Port Elizabeth.
6. The Cape Technical College, Longmarket Street, Cape Town.
7. Bloemfontein Technical High School, Bloemfontein.
8. Northern Cape Technical College, Kimberley.
9. Technical College, Pietermaritzburg.

Candidates who have been accepted for the above examination will be notified individually.

Any further information may be obtained from the Secretary to the Board, Department of Labour, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria.

✱ No. 1086.] [16 May 1952.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

APPOINTMENT OF CLAIMS OFFICER.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of section *twenty-six* of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), appoint the officer whose name appears in the Schedule hereto as claims officer with jurisdiction in the areas specified therein.

The appointment of Mr. William Burr Knott as Claims Officer is hereby withdrawn.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

Name of Officer.	*Area of Jurisdiction.*
Ivan Erasmus.....	The Magisterial Districts of Calitzdorp, George, Knysna, Mossel Bay, Oudtshoorn, Riversdale and Uniondale.

✱ No. 1088.] [16 May 1952.

APPRENTICESHIP ACT, 1944 (AS AMENDED).

BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY APPRENTICESHIP COMMITTEE, PRETORIA.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *eight* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, with effect from the date of this notice, amend Government Notice No. 6 of the 4th January, 1952, by ordering that the powers and functions of the Pretoria Baking and Confectionery Industry Apprenticeship Committee, for the period ending the 15th June, 1952, be vested in and exercised by Izak Jacob Loots, Acting Divisional Inspector, Department of Labour, P.O. Box 393, Pretoria.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

✱ No. 1087.] [16 May 1952.

PROPOSED DEMARCATION OF PORTION OF SUB-RESERVE (*a*) NYALAZI OF RESERVE No. II, NYALAZI FOREST RESERVE, DISTRICT OF HLABISA, NATAL.

In terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, it is hereby notified for general information that it is the intention of the Minister of Forestry to declare the undemarcated forest land described in the Schedule hereto, and situated in the District Hlabisa, Natal Province, to be demarcated forest. Copy of a report on the area, certified by the Surveyor-General, Pietermaritzburg, with diagrams attached thereto, has been deposited and is available for inspection, free of charge, during office hours at the office of the Magistrate, Hlabisa.

4. Oos-Londense Tegniese Kollege, Oos-Londen.
5. Port Elizabethse Tegniese Kollege, Port Elizabeth.
6. Kaapse Tegniese Kollege, Langmarkstraat, Kaapstad.
7. Bloemfonteinse Tegniese Hoërskool, Bloemfontein.
8. Noord-Kaaplandse Tegniese Kollege, Kimberley.
9. Tegniese Kollege, Pietermaritzburg.

Kandidate wat vir bogemelde eksamen aangeneem is, sal afsonderlik daarvan in kennis gestel word.

Nadere inligting kan van die Sekretaris van die Raad, Departement van Arbeid, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, verkry word.

✱ No. 1086.] [16 Mei 1952.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

AANSTELLING VAN EISEBEAMPTE.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), die amptenaar wie se naam in die Bylae hiervan voorkom, as eisebeampte, aan, met seggenskap in die gebiede wat daarin bepaal word.

Die aanstelling van mnr. William Burr Knott as eisebeampte word hiermee herroep.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

Naam van amptenaar.	*Gebied van seggenskap.*
Ivan Erasmus.....	Die Magistraatsdistrikte van Calitzdorp, George, Knysna, Mosselbaai, Oudtshoorn, Riversdale en Uniondale.

✱ No. 1088.] [16 Mei 1952.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944 (SOOS GEWYSIG).

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE BAK- EN BANKETNYWERHEID, PRETORIA.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op Vakleerlinge, 1944 (soos gewysig), wysig Goewermentskennisgewing No. 6 van 4 Januarie 1952, met ingang van die datum van hierdie kennisgewing af, deur te beveel dat die bevoegdhede en pligte van die Vakleerlingskapkomitee vir die Bak- en Banketnywerheid, Pretoria, vir die termyn eindigende 15 Junie 1952 aan Izak Jacob Loots, Waarnemende Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Posbus 393, Pretoria, verleen en uitgeoefen word.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

✱ No. 1087.] [16 Mei 1952.

VOORGENOME DEMARKASIE VAN GEDEELTE VAN SUBRESERWE (a) NYALAZI VAN RESERWE No. II, NYALAZI-BOSRESERWE, DISTRIK HLABISA, NATAL.

Ooreenkomstig artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bosbou voornemens is om die ongedemarkeerde bosgrond wat in die Bylae hiervan beskryf word en in die distrik Hlabisa, Provinsie Natal, geleë is, tot 'n gedemarkeerde bos te verklaar. 'n Afskrif van die verslag oor die terrein, gesertifiseer deur die Landmeter-generaal, Pietermaritzburg, en met kaarte daaraan geheg, is by die kantoor van die Magistraat, Hlabisa ingedien en is gedurende kantoorure beskikbaar vir insae sonder betaling.

SCHEDULE.

Reserve No.	Name of Reserve.	Extent.	
		Morgen.	Sq. Rds.
II	Nyalazi Forest Reserve:— Portion of sub-reserve (*a*) Nyalazi, consisting of:—		
	(1) Lot U. 106.....	329	189
	(2) Lot U. 107.....	291	027
	(3) Portion of Lot U. 98 (west of railway line).....	283	289

16 May-13 June-11 July.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

✱ No. 1065.] [16 May 1952.

SALE OF UNCLAIMED ARTICLES, CAPE TOWN.

An assortment of undelivered and unclaimed articles sent through the post will, on the authority of the Postmaster General, be sold by public auction by Messrs. Sydney, Daniels & Miller, at the Post Office Stores Depot, Prestwich Street, Cape Town, at 10 a.m., Tuesday, 10th June, 1952.

A list of the articles to be sold can be inspected at Returned Letter Office, Room 414, General Post Office, Cape Town.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS

✱ No. 1062.] [16 May 1952.

CONTROL BY THE MUNICIPALITY OF BENONI OF THE SALE OR SUPPLY OF SPROUTED GRAIN IN THE PERI-URBAN AREA OF BENONI.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *thirty-six* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, the Minister of Native Affairs declares that as from the date of publication hereof, no person shall either himself or through a servant or agent, sell or supply sprouted grain or crushed or ground sprouted grain to any Native within five miles of the boundary of the urban area of Benoni, unless such sale or supply is authorised under a permit issued by the Town Council of Benoni.

✱ No. 1063.] [16 May 1952.

WATERVAL BO HEALTH COMMITTEE.—EXTENSION OF NATIVE LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraph (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Health Committee of Waterval Bo, as a native location and native village for the occupation, residence and other reasonable requirements of Natives of a certain piece of land being Portions Nos. 68, 69 and 70 of Portion D of portion of the farm Doornhoek No. 241, District Carolina, as shown on Surveyor-General's Diagrams Nos. A. 1230/48, A. 1231/48 and A. 5717/47, in extent 20·0292 morgen, situate within the area under the control of the Waterval Bo Health Committee.

Government Notice No. 606 of 1949 is hereby repealed.

BYLAE.

Reserwe No.	Naam van Reserwe.	Grootte.	
		Morg.	Vk. rde.
II	Nyalazi-bosreserwe:— Gedeelte van subreserwe (*a*) Nyalazi, bestaande uit:—		
	(1) Perseel U. 106.....	329	189
	(2) Perseel U. 107.....	291	027
	(3) Gedeelte van Perseel U. 98 (wes van spoorbaan).....	283	289

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEGRAAFWESE.

✱ No. 1065.] [16 Mei 1952.

VERKOPING VAN ONAFGEHAALDE ARTIKELS, KAAPSTAD.

Op gesag van die Posmeester-generaal sal 'n verskeidenheid onafgelewerde en onafgehaalde artikels wat deur die pos gestuur is om 10 vm. op Dinsdag, 10 Junie 1952, deur die firma, Sydney, Daniels & Miller, by die Poskantoorvoorraaddépôt, Prestwichstraat, Kaapstad, per openbare veiling verkoop word.

'n Lys van die artikels wat verkoop sal word, lê ter insae by die Kantoor vir Onafgehaalde Briewe, Kamer 414, Hoofposkantoor, Kaapstad.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 1062.] [16 Mei 1952.

UITOEFENING VAN BEHEER DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN BENONI OOR DIE VERKOOP OF LEWERING VAN UITGELOOPTE GRAAN IN DIE OMSTEDELIKE GEBIED VAN BENONI.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar dat niemand met ingang van die datum van publikasie hiervan òf self òf deur tussenkoms van 'n bediende of agent binne vyf myl van die grens van die stadsgebied van Benoni af uitgeloopte graan of gebreekte of gemaalde uitgeloopte graan aan 'n Natural mag verkoop of lewer nie tensy die verkoop of lewering gemagtig word by 'n permit wat deur die Stadsraad van Benoni uitgereik is.

✱ No. 1063.] [16 Mei 1952.

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BO.—UITBREIDING VAN NATURELLELOKASIE EN NATURELLEDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Gesondheidskomitee van Waterval-Bo 'n sekere stuk grond, naamlik Gedeeltes Nos. 68, 69 en 70 van Gedeelte D van gedeelte van die plaas Doornhoek No. 241, distrik, Carolina, soos aangetoon op sketskaarte Nos. A. 1230/48, A. 1231/48 en A. 5717/47, van die Landmeter-generaal, 20·0292 morg groot en geleë binne die gebied onder die beheer van die Gesondheidskomitee van Waterval-Bo, as 'n naturellelokasie en naturelledorp vir okkupasie en bewoning deur en vir ander redelike behoeftes van naturelle bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 606 van 1949 word hierby herroep.

✱ No. 1064.] [16 May 1952.

TOWN COUNCIL OF MOLTENO, CAPE PROVINCE.

REGULATIONS FOR THE MANAGEMENT AND CONTROL OF THE PREMISES ON WHICH KAFFIR BEER IS MANUFACTURED, SOLD OR SUPPLIED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION *THIRTY-FOUR* OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED.

Regulation 2 of the regulations published under Government Notice No. 1292 dated 25th August, 1939, is hereby amended as follows:—

(1) By the substitution of the following paragraph for paragraph (*a*) of sub-section (1):—

"(*a*) (i) on weekdays except Saturdays from the 1st day of April to the 30th day of September in each and every year between the hours of 10 a.m. and 7 p.m. and from the 1st day of October to the 31st day of March in each and every year between the hours of 10 a.m. and 8 p.m.; and

(ii) on Saturdays from the 1st day of April to the 30th day of September in each and every year between the hours of 10 a.m. and 8 p.m. and from the 1st day of October to the 31st day of March in each and every year between the hours of 10 a.m. and 9 p.m."

(2) By the substitution of the following sub-regulation for sub-regulation (3):—

"(3) The sale or supply of kaffir beer shall not take place on Sundays, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day."

✱ No. 1075.] [16 May 1952.

APPLICATION OF REGISTRATION REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *THIRTY-EIGHT* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED, TO THE PROCLAIMED AREA OF HENDRINA.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, to add the following particulars in the Schedules to Government Notice No. 1032 of 1949, as amended:—

FIRST SCHEDULE.

Proclaimed Area to which these Regulations are applicable.	Proclamation Proclaiming Area.	Date of Proclamation.	Date from which these Regulations are of force and effect.
Hendrina.....	89	16/5/52	1/6/52

SECOND SCHEDULE.

Fees payable in terms of Regulation 5 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Hendrina.....	One shilling and six pence.

THIRD SCHEDULE.

Fees payable in terms of Regulation 7 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Hendrina.....	One shilling and six pence.

FOURTH SCHEDULE.

Fees payable in terms of Regulation 12 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Hendrina.....	One shilling and six pence.

✱ No. 1064.] [16 Mei 1952.

STADSRAAD VAN MOLTENO, KAAPPROVINSIE.

REGULASIES VIR DIE BESTUUR VAN EN BEHEER OOR DIE PERSEEL WAAROP KAFFERBIER VERVAARDIG, VERKOOP OF VERSKAF WORD KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL *VIER-EN-DERTIG* VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG.

Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1292 van 25 Augustus 1939, word hierby as volg gewysig:—

(1) Deur paragraaf (*a*) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(*a*) (i) op weekdae, met uitsondering van Saterdae, van die 1ste dag van April af tot die 30ste dag van September in elke jaar, tussen die ure 10 vm. en 7 nm., en van die 1ste dag van Oktober af tot die 31ste dag van Maart in elke jaar, tussen die ure 10 vm. en 8 nm; en

(ii) op Saterdae, van die 1ste dag van April af tot die 30ste dag van September in elke jaar, tussen die ure 10 vm. en 8 nm., en van die 1ste dag van Oktober af tot die 31ste dag van Maart in elke jaar, tussen die ure 10 vm. en 9 nm."

(2) Deur subregulasie (3) deur die volgende nuwe subregulasie te vervang:—

„(3) Op Sondae, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag en Kersdag word geen kafferbier verkoop of verskaf nie."

✱ No. 1075.] [16 Mei 1952.

TOEPASSING VAN REGISTRASIEREGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *AGT-EN-DERTIG* (1) VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG, OP DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN HENDRINA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, die volgende besonderhede in die Bylaes van Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, by te voeg:—

EERSTE BYLAE.

Geproklameerde gebied waarop hierdie regulasies van toepassing is.	Proklamasie wat gebied proklameer.	Datum van Proklamasie.	Datum waarop hierdie regulasies van krag word.
Hendrina.....	89	16/5/52	1/6/52

TWEEDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 5 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Hendrina.....	Een sjieling en ses pennies.

DERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 7 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Hendrina.....	Een sjieling en ses pennies.

VIERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Hendrina.....	Een sjieling en ses pennies.

✱ No. 1076.] [16 May 1952.

AMENDMENT OF REGISTRATION REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *THIRTY-EIGHT* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, further to amend Government Notice No. 1032 of 1949, as amended, with effect from the 1st August, 1952, as follows:—

By the deletion in the Second, Third and Fourth Schedules thereto of the words "One shilling" where they appear opposite the word "Ventersdorp" and the substitution therefor of the words "Two shillings".

✱ No. 1077.] [16 May 1952.

APPLICATION OF REGISTRATION REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *THIRTY-EIGHT* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED, TO THE PROCLAIMED AREA OF VIERFONTEIN.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, to add the following particulars to the Schedules to Government Notice No. 1032 of 1949, as amended:—

FIRST SCHEDULE.

Proclaimed Area to which these Regulations are applicable.	Proclamation Proclaiming Area.	Date of Proclamation.	Date from which these Regulations are of Force and Effect.
Vierfontein.....	92	16/5/52	1/6/52

SECOND SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 5 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Vierfontein.....	Two shillings.

THIRD SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 7 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Vierfontein.....	Two shillings.

FOURTH SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 12 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Vierfontein.....	Two shillings.

✱ No. 1078.] [16 May 1952.

APPLICATION OF REGISTRATION REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *THIRTY-EIGHT* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED, TO THE PROCLAIMED AREA OF WARDEN.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, to add the following particulars to the Schedules to Government Notice No. 1032 of 1949, as amended:—

✱ No. 1076.] [16 Mei 1952.

WYSIGING VAN REGISTRASIEREGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *AGT-EN-DERTIG* (1) VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, met ingang van 1 Augustus 1952 verder as volg te wysig.

Deur in die Tweede, Derde en Vierde Bylaes daarvan die woorde „Een sjieling", waar dit teenoor die woord „Ventersdorp" voorkom, te skrap en dit deur die woorde „Twee sjielings" te vervang.

✱ No. 1077.] [16 Mei 1952.

TOEPASSING VAN REGISTRASIEREGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *AGT-EN-DERTIG* (1) VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG, OP DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN VIERFONTEIN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, die volgende besonderhede in die Bylaes van Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, by te voeg:—

EERSTE BYLAE.

Geproklameerde gebied waarop hierdie regulasies van toepassing is.	Proklamasie wat gebied proklameer.	Datum van Proklamasie.	Datum waarop hierdie regulasies van krag word.
Vierfontein.....	92	16/5/52	1/6/52

TWEEDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 5 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Vierfontein.....	Twee sjielings.

DERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 7 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Vierfontein.....	Twee sjielings.

VIERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Vierfontein.....	Twee sjiellings.

✱ No. 1078.] [16 Mei 1952.

TOEPASSING VAN REGISTRASIEREGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *AGT-EN-DERTIG* (1) VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG, OP DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN WARDEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, die volgende besonderhede in die Bylaes van Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, by te voeg:—

FIRST SCHEDULE.

Proclaimed Area to which these Regulations are applicable.	Proclamation Proclaiming Area.	Date of Proclamation.	Date from which these Regulations are of Force and Effect.
Warden.....	93	16/5/52	1/6/52

SECOND SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 5 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Warden.....	One shilling.

THIRD SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 7 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Warden.....	One shilling.

FOURTH SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 12 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
Warden.....	One Shilling.

✱ No. 1079.] [16 May 1952.

URBAN AREA OF SILVERTON.—DOMESTIC BREWING OF KAFFIR BEER.

It is hereby notified for general information that in terms of paragraph (*a*) of sub-section (2) of section *thirty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, the Minister of Native Affairs has granted approval to the urban local authority of Silverton, Transvaal, to authorise an officer in its employ to issue in approval cases, and subject to the conditions prescribed in Government Notice No. 88 of 1949, written permits to native householders residing within its urban area but not in a location or native village, to brew, use or possess for domestic consumption such limited quantities of kaffir beer as are prescribed in the aforementioned Government Notice.

✱ No. 1089.] [16 May 1952.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (3) of section *eight* of the Native Affairs Act, 1920 (Act No. 23 of 1920), as amended, to approve of the by-laws framed by the Victoria East Local Council in terms of sub-section (1) of the said section, and set forth in the Schedule hereto.

Government Notice No. 1728 of 1938, as amended by Government Notices Nos. 1613 of 1946, 1996 of 1950 and 2283 of 1951, is hereby withdrawn.

SCHEDULE.

VICTORIA EAST LOCAL COUNCIL.—DIPPING BY-LAWS.

1. Every native, resident within an area in which dipping services are made available by the Victoria East Local Council, who owns cattle or is in charge of a kraal or homestead at which cattle are kept within such area, shall pay, in respect of each head of cattle owned by him or in his charge on due date, a stock rate of one shilling per annum for the dipping services made available by the Council.

EERSTE BYLAE.

Geproklameerde gebied waarop hierdie regulasies van toepassing is.	Proklamasie wat gebied proklameer.	Datum van Proklamasie.	Datum waarop hierdie regulasies van krag word.
Warden.....	93	16/5/52	1/6/52

TWEEDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 5 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Warden.....	Een sjieling.

DERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 7 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Warden.....	Een sjieling.

VIERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Warden.....	Een sjieling.

✱ No. 1079.] [16 Mei 1952.

STADSGEBIED VAN SILVERTON.—BROU VAN KAFFERBIER VIR HUISGEBRUIK.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (2) van artikel *drie-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, toestemming aan die stedelike plaaslike bestuur van Silverton, Transvaal, verleen het om 'n amptenaar in sy diens te magtig om in goedgekeurde gevalle en met inagneming van die voorwaardes in Goewermentskennisgewing No. 88 van 1949 voorgeskryf, aan naturellehuisbewoners wat binne sy stadsgebied woon, maar nie in 'n lokasie of naturelledorp nie, skriftelike permitte uit te reik om beperkte hoeveelhede kafferbier, soos in voornoemde Goewermentskennisgewing voorgeskryf, vir huisgebruik te brou, te gebruik of te besit.

✱ No. 1089.] [16 Mei 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *agt* van die Naturellezaken Wet, 1920 (Wet No. 23 van 1920), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die verordeninge wat die Plaaslike Raad van Victoria-Oos kragtens subartikel (1) van genoemde artikel opgestel het en in bygaande Bylae vervat word.

Goewermentskennisgewing No. 1728 van 1938, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 1613 van 1946, 1996 van 1950 en 2283 van 1951, word hierby herroep.

BYLAE.

PLAASLIKE RAAD VAN VICTORIA-OOS.—DIPVERORDENINGE.

1. Elke naturel wat woonagtig is binne 'n gebied waarin dipdienste beskikbaar gestel word deur die Plaaslike Raad van Victoria-Oos en wat binne sodanige gebied beeste besit of aan die hoof staan van 'n kraal of opstal waar beeste aangehou word, moet ten opsigte van elke bees wat hy besit of wat onder sy toesig is op die datum waarop dit verskuldig word, 'n veebelasting van een sjieling per jaar betaal vir die dipdienste wat deur die Raad beskikbaar gestel word.

2. The stock rate shall become due on the first day of July in each year and shall be payable at the office of the Native Commissioner, Alice.

3. Any person, not subject to the provisions of section 1 of these by-laws, who dips or desires to dip cattle in a tank under the control of the Victoria East Local Council, shall pay in advance on the day of dipping a fee of two pence in respect of each head of cattle to be dipped.

2. Die veebelasting word verskuldig op die eerste dag van Julie elke jaar en is betaalbaar by die kantoor van die Naturellekommissaris, Alice.

3. 'n Persoon wat nie aan die bepalings van artikel 1 van hierdie verordeninge onderworpe is nie en wat beeste in 'n dipbak onder die beheer van die Plaaslike Raad van Victoria-Oos dip of wil dip, moet op die dag waarop daar gedip word 'n bedrag van twee pennies vooruitbetaal ten opsigte van elke bees wat gedip moet word.

DEPARTMENT OF MINES.

✻ No. 1082.] [16 May 1952.

It is hereby notified under section *eighteen* of the Natal Mines Act, 1899, that unless the Prospecting and Exemption Licence fees, due in respect of the claims detailed in the attached Schedule, and a fine of £1 per claim, be paid on or before the 6th June, 1952, it is the intention of the Deputy-Commissioner of Mines, Natal, to declare the said claims abandoned and open for repegging in terms of the said section.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

✻ No. 1082.] [16 Mei 1952.

Hierby word ingevolge artikel *agtien* van die „Natal Mines Act", 1899, bekendgemaak dat, tensy die Prospekteerlisensiegeld en Vrystellingslisensiegeld verskuldig ten opsigte van die kleims waarvan besonderhede in die aangehegte Bylae gemeld word, tesame met 'n boete van £1 per kleim, voor of op 6 Junie 1952 betaal word, die Adjunk-kommissaris van Myne, Natal, voornemens is om te verklaar dat genoemde kleims opgegee en ooreenkomstig genoemde artikel vir herafpenning beskikbaar is.

SCHEDULE—*BYLAE.*

Registered Numbers of Claims. *Geregistreerde nommers van kleims.*	Name of Claimholder. *Naam van kleimhouer.*	Class of Claim. *Soort kleim.*	Locality. *Ligging.*
16682/16698.....	Gerrit Renier Steenkamp....	Metal/*Metaal*....	Native Reserve No. 19, Nkandla District, Natal/*Naturelle-reservaat No. 19, Distrik Nkandla, Natal.*
16699/16702.....	Gerrit Renier Steenkamp....	Metal/*Metaal*....	Native Reserve No. 21, Eshowe District, Natal/*Naturelle-reservaat No. 21, Distrik Eshowe, Natal.*

M.M. 45/16.

✻ No. 1090.] [16 May 1952.

RESERVATION OF GROUND FOR TOWNSHIP PURPOSES.—PORTION OF THE FARM BOOYSEN ESTATE No. 20, DISTRICT JOHANNESBURG, MINING DISTRICT OF JOHANNESBURG.

Notice is hereby given that His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), as amended by section *forty-eight* of the Mineral Law Amendment Act, 1934 (Act No. 36 of 1934), has reserved for township purposes a certain portion of proclaimed land in extent approximately 1147 square feet, situate on the farm Booysen Estate No. 20, District Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of the City Council of Johannesburg, and as shown on a plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 2028. M.M. 17/1805.

✻ No. 1090.] [16 Mei 1952.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.—GEDEELTE VAN DIE PLAAS BOOYSEN ESTATE No. 20, DISTRIK JOHANNESBURG, MYNDISTRIK JOHANNESBURG.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die „Townships Amendment Act", 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), soos gewysig by artikel *agt-en-veertig* van die Minerale Wysigingswet, 1934 (Wet No. 36 van 1934), 'n sekere stuk geproklameerde grond, ongeveer 1147 vierkante voet groot, geleë op die plaas Booysen Estate No. 20, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Johannesburg en soos aangedui op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 2028 bewaar word, vir dorpsdoeleindes uitgehou het. M.M. 17/1805.

GENERAL NOTICES.

CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES.

✻ NOTICE No. 395 OF 1952.

The following particulars in regard to the membership of Co-operative Agricultural Societies are published by the Registrar of Co-operative Societies for general information in accordance with the provisions of sub-section (3) of section *forty-eight* of the Co-operative Societies Act, No. 29 of 1939.

Pretoria.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS.

✻ KENNISGEWING No. 395 VAN 1952.

Die volgende besonderhede in verband met die lidmaatskap van Koöperatiewe Landbouverenigings word deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir algemene inligting gepubliseer ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, No. 29 van 1939.

Pretoria.

CALEDON BOEREN KO-OPERATIEWE VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1257	Brodryk, Marius	Schildskloof, Ps. Schildskloof, Dist. Caledon.
1258	Roux, Petrus Jacobus Stephanus	Oudekraal, Posbus 79, Caledon
1259	Fick, Christiaan Ludolf, S. D./Son	Ysbrandskop, Krige.
1260	Beukes, Jakob Lambert Barnardus	Rietkuil, Rietpoel.
1261	Roux, Lukas Marthinus	The Oaks, Posbus 11, Greyton.
1262	Dyk, van, Dirk Johannes	Treinskraal, Pk. Rivier Sonder End.

DIE MAGALIESBERGSE KOÖPERATIEWE TABAK-PLANTERS-VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
19113	Anderson, Vivian Alfred	Mamagalieskraal, Pk. Mamagalieskraal.
19114	Barnes, Magdalena Petronella	Weltevreden No. 802, P.O. Zondagsloop.
19115	de Beer, Johanna Hendrina	Krokodildrift-Wes, Posbus 157, Brits.
19116	van der Berg, Adriaan Johannes	Hartebeesfontein, Pk. Die Moot.
19117	Bezuidenhout, Pieter Lodewyk	Mamagalieskraal, Pk. Rashoop.
19118	Brachmayer, Wilhelm	Sandfontein No. 69, Brits. Carlton Hairdressing Saloon, Eloffstraat, Johannesburg.
19119	Bierman, Hendrik Lukas	De Kroon-Noord, Brits.
19120	Coetzee, Johannes Renier	Wonderfontein, Posbus 41, Groot Marico.
19121	Denton, Johanna Christina	Rietfontein, Pk. Koedoeskop.
19122	Fourie, Jacob Hermanus Albertus	Soutpansdrift, Pk. Pansdrift.
19123	Grindstad, Ole	Waterval, Rustenburg.
19124	Hartzenberg, Martha Janet	Sanddrift, Pk. Havana, oor Brits.
19125	van Heerden, Johannes Bernadus Wouda	Uitvlucht, Posbus 80, Zeerust.
19126	Jonker, Andries Nolte	Waterval, Rustenburg.
19127	Francois, Jacobus Johannes	Soutpansdrift, Pansdrift.
19128	Kruger, Hendrik Lambertus	Nooitgedacht, F. 5, Groblersdal.
19129	Kruger, Theunis Johannes	Mahobieskraal, Pk. Matooster.
19130	Malan, Jacobus	Rietfontein No. 299, Pk. Moedwil.
19131	Möller, Christoffel Johannes	Olifantsfontein, Posbus 671, Springs.
19132	Mulder, Johannes Christiaan Francois	Homefield, Foothills.
19133	Nel, Daniel Cromhout	Plot No. 69, Rust-der-Winter.
19134	Otto, Gert Cloete	Geluk, Pk. Vorentoe.
19135	du Plessis, Maria Jacoba Sophia	Mamagalieskraal, Pk. Rashoop.
19136	du Plessis, Stephanus Hermanus	Sanddrift, Hoëwal.
19137	van Rensburg, Casper Hendrik Janse	Rietfontein, Koedoeskop.
19138	Richter, George Bernhard	Hartebeeshoek, Scheerpoort.
19139	Robbertse, Susara Johanna	Wysfontein, Pk. Moedwil.
19140	Schoeman, Daniël Roelof	Koedoesfontein, Posbus 103, Groot Marico.
19141	Schoch, Rodney Ferdinand	Buffelsfontein, Posbus 19, Marikana.
19142	Snyman, Theunis Johannes	Bultfontein, Die Moot.
19143	Tait, Johan Jacobus	Kromdraai, Pk. Brakkloof.
19144	van der Westhuizen, Johannes Christiaan	Sandfontein, Pk. Hartebeespoort.

MARICO LANDBOUW KOÖPERATIEWE VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
950	Adamson, John	Logaga, P.O. Witkleigat.
951	Bester, Frederik Jacobus	Palmietfontein, Pk. Zeerust.
952	Hill, Roland	Malmanisoog, Advokatekamer, Tudorgebou, Pretoria.
953	Pretorius, Jacob Daniel	Buffelshoek, Pk. Zeerust.
954	van der Spuy, Anna Petronella	Vaalkop No. 53, Zeerust.

MOORREESBURG KORINGBOERE KOÖPERATIEWE VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1469	Carstens, Paulus Stefanus	Welgegund, Moorreesburg.
1470	Heerden, van, Christiaan Rudolf	Die Hoop, Moorreesburg.
1471	Villiers, de, Johannes Daniel Petrus	Hartebeesfontein, Moorreesburg.
1472	van Geems, Stefanus Francois Visser	Papkuilsfontein, Pk. Aurora,
1473	Hanekom, Nicolaas Willem	Brakfontein, Wellingtonstasie.
1474	Scher, Joseph	Teewatervlei, 3 Chenowethstraat, Durbanville.
1475	Scher, Joe	Teewatervlei, 5 Chenowethstraat, Durbanville.
1476	Wood, Marcus John	Driehoek, Clanwilliam.

PIET RETIEF KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERS-VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
649	Bosse, Gerhard Wilhelm Rudolph	Pongola, Pk. Pongola.
650	Bouwer, Jeremias Jesaja	Plot No. 103, Pk. Pongola.
651	Coetzee, Willie Pretorius	Bodenstadt, Posbus 52, Piet Retief.
652	Gouws, Jakob Josef	Tafelkoppies No. 9, Posbus 9, Piet Retief.
653	Jager, de, Frederick Johannes	Plot No. 2, Pk. Pongola.
654	Potgieter, Thomas Ignatius	Plot No. 105, Pk. Pongola.
655	Preez, du, Jan Casper Lourens	Plot No. 104, Pk. Pongola.
656	Scheepers, Barend Gabriël	Plot No. 74, Pk. Pongola.
657	Scheepers, Johannes Jacobus	Perseel No. 29, Pk. Pongola.
658	Toit, du, Willem George Sebastiaan	Plot No. 6, Pk. Pongola.
659	Smit, Gert Cornelius	Plot No. 48, Pk. Pongola.
660	Veldman, Jan Salmon	Plot No. 17, Posbus 41, Piet Retief.
661	Weber, Christian Friedrich Adolf	Mooihoek, Posbus 22, Piet Retief.
662	Wolmarans, Josephus Johannes	Plot No. 78, Pk. Pongola.

DIE VAALRIVIER KOÖPERATIEWE TABAKBOERE-VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1721	Derksen, Dirk Jan	Welverdiend, Spes Bona.
1722	Maré, Pieter de Wet	Mooihoek, Posbus 101, Parys.
1723	Marx, David Herculaas	Grootpan, Pk. Wonderheuwel.
1724	Roodt, Izak Daniel	Poste Restante, Parys.
1725	van der Westhuizen, Jacob	Nugget, Weiveld.

VAALRIVIER KOÖPERATIEWE TABAKBOERE VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1726	Vuuren, van, Johannes Petrus Jansen, Jnr.	Daskop, Pk. Parys.

POTGIETERSRUST KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERS-VERENIGING.

LIST OF RESIGNATIONS WITH EFFECT FROM 31ST MARCH, 1952.
LYS VAN BEDANKINGS WAT OP 31 MAART 1952 VAN KRAG WORD.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
295	Cooper, John Hendry	Klipplaatdrif, Pk. Sterkwater.
1474	de Kock, Daniel Jacobus	Vrishgewaaght, Pk. Palala, Naboomspruit.
1216	Zeeman, Andries Pieter	Riversdale, Pk. Maastroom.
427	Duvenhage, Gert Johannes	Blackburn No. 978, Pk. Koperspruit.
396	Vogel, Frederik Johannes, Snr.	Blinkwater, Posbus 148, Potgietersrust.
1416	Dique, Andries Martinus	Wakkerstroom, Pk. Daviesville.
409	Meintjies, Jan Johannes Jacobus	91 Schoemanstraat, Potgietersrust.
1386	Grobler, Francois Jacobus	Pk. Clewer, Dist. Witbank.
706	Slabbert, Frederich van Zyl	Turffontein No. 105, Posbus 155, Pietersburg.

POTGIETERSRUST KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERS-VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1836	Kuntz, Johanna Aletta (Mev.)	Hartebeesfontein, Pk. Naboomspruit.
1837	Butler, Jan Joiza	Helderfontein, Posbus 207, Potgietersrust.
1838	Dela Guerre, Daniel Jacobus George	The Junction, Pk. Letsitele.
1839	Hamman, Johannes	Sterkstroom, Pk. Rietbokspruit.
1840	Osborn, Trevor Noel	Rietvlei, Pk. Potgietersrust.
1841	Steenekamp, Phillipus Johannes Rudolf	Speculatie, Pk. Beauty.
1842	Plessis, du, Charles Johannes	Armoede, Posbus 157, Potgietersrust.
1843	Smit, Gert Lodewyk	Moerdyk, Pk. Melkrivier.
1844	Viljoen, Gert	Wagenkop, Pk. Beauty.

DIE VAALRIVIER KOÖPERATIEWE TABAKBOERE VERENIGING.

LIST OF DEATHS WITH EFFECT FROM 31ST MARCH, 1952.
LYS VAN STERFGEVALLE WAT OP 31 MAART 1952 VAN KRAG WORD.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1189	Botha, C. A. J.	Brakoog, Pk. Reitzburg.
54	Prinsloo, N. M. S.	Buffelshoek, Pk. Koedoesfontein, via Parys.

DIE VAALRIVIER KOÖPERATIEWE TABAKBOERE VERENIGING.

LIST OF RESIGNATIONS WITH EFFECT FROM 31ST MARCH, 1952.
LYS VAN BEDANKINGS WAT OP 31 MAART 1952 VAN KRAG WORD.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1205	Joubert, C. P.	Syferfontein, Pk. Rhenostersprui t.
1096	Spamers, C. C.	Seekoeifontein, Pk. Lindequesdrift.
1575	Buys, B. R.	Sterkstroom, Pk. Westerdam.
1395	Bierman, C. R.	Taaiboschbult, Pk. Uitval.

✱ NOTICE No. 396 OF 1952.

With reference to Notice No. 659 of the 8th September, 1944, the following amended particulars in regard to the registered name of member No. 14302, Venter, Susara Johanna, in the additional list of members of "Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging" are published by the Registrar of Co-operative Societies for general information.

No.	*Name.*	*Address.*
14302	Schyff, van der, Susara Johanna	Perseel No. 778, Mamagalieskraal.

Department of Agriculture,
Pretoria.

✱ KENNISGEWING No. 396 VAN 1952.

Met betrekking tot kennisgewing No. 659 van 8 September 1944 word die volgende gewysigde besonderhede in verband met die geregistreerde naam van lid No. 14302, Venter, Susara Johanna, in die aanvullingslys van lede van „Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging" deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir algemene inligting gepubliseer.

No.	*Naam.*	*Adres.*
14302	Schyff, van der, Susara Johanna	Perseel No. 778, Mamagalieskraal.

Departement van Landbou,
Pretoria.

✱ NOTICE No. 397 OF 1952.

With reference to Notice No. 849 of the 22nd October, 1948, the following amended particulars in regard to the registered name of member No. 17250, Fourie, Jonathan Johannes J/seun, in the additional list of members of "Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging" are published by the Registrar of Co-operative Societies for general information.

No.	*Name.*	*Address.*
17250	Fourie, Jonathan Johannes, L/Seun	Tweerivier, Pk. Beestekraal.

Department of Agriculture,
Pretoria.

✱ KENNISGEWING No. 397 VAN 1952.

Met betrekking tot kennisgewing No. 849 van 22 Oktober 1948 word die volgende gewysigde besonderhede in verband met die geregistreerde naam van lid No. 17250, Fourie, Jonathan Johannes J/seun, in die aanvullingslys van lid van „Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging" deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir algemene inligting gepubliseer.

No.	*Naam.*	*Adres.*
